# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## *God oordeel met geregtigheid om kwaad te stop en te straf, bid en gee plek vir God se toorn*

**Skriflesing:** Psalm 58

**Teksvers:** Psalm 58:11-12

**Sing**:
Ps 92:1,2,3
Ps 72:1,4,6
Ps 6:1,2,3,4
Ps 119: 57,58
Ps 58:1,2,3,4
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Jaco Wattel
**Klank**: Charl vd Bergh
**Prediker**: Prop JC Potgieter

Die *'wraakpsalms'* maak ons dikwels ongemaklik. Ons is nie altyd seker hoe om hulle te verstaan nie en sommige Christene gaan so ver as om te sê dat hulle nie eintlik in die Bybel hoort nie.

Hulle is blykbaar in stryd met die liefde en vergifnis wat die lewe van Jesus Christus gekenmerk het. Ons hoor so gereeld van God se liefde, dit is skokkend om te dink dat God kwaad is vir goddeloses en dat daar sondaars is aan wie God nie genade bewys nie - mense wat deur God in hulle sonde gelos word sodat Hy sy geregtigheid kan openbaar.

Psalm 58 dwing ons om te besef dat God se oordeel van goddelose mense in hierdie wêreld heeltemal ooreenstem met God se karakter. God oordeel met geregtigheid om kwaad stop te sit en te straf. Daarom moet ons bid en die wraak in God se hande oorlaat.

**SONDAGAAND 18:00**

## *Jesus Christus alleen skenk blywende vryspraak, vrede en geloofsekerheid*

**Skriflesing:** Rom 5:1-11

**Teksvers:** Romeine 5:1

**DL**: Hoof 5 artikel 5 - 15

**Sing**:
Ps 68:1,9
Ps 91:1,6
Sb 1-1:1,2
Sb 1-1:6,7
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Pieter vd Dussen
**Klank**: Hein Kaiser
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Geloofsekerheid is gegrond op die vryspraak in en deur Jesus Christus.
Ons het dus geloofsekerheid dat:

- God ons vryspreek van die ewige oordeel deur ons geloof in Jesus Christus.
- Daar nou deur Jesus Christus vrede tussen ons en God is.
- Jesus Christus aan ons vrye toegang tot God se genade gegee het.
- Ons nou met vreugde in die hoop op die ewige heerlikheid van God kan lewe.
- Jesus Christus ons in staat stel om swaarkry met blymoedigheid te kan verdra.
- Swaarkry volharding, egte geloof en hoop kweek.
- Ons die liefde van God beleef deurdat Christus vir ons aan die kruis gesterf het en deur die Heilige Gees nou in ons harte werk.
- Ons vrygespreek en gered is alleen op grond van Jesus Christus se eenmalige versoeningsdood.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 44 Nr 23 21 Julie 2019**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# *Katkisasie*

## *Verbondsonderrig aan ons kinders*

**Lees** Luk 1:1-4; 2 Tim 3:10-17; 2 Pet 1:20,21

Die woord katkisasie is welbekend in gereformeerde kringe. Dit kom van 'n Griekse woord "*katecheu*". Alhoewel ons met katkisasie grootword, vergeet ons maklik die belangrikheid en doel van katkisasie. Katkisasie is om uit die Skrif onderrig te word. Dit is om die Bybelse waarhede uit die Skrif te ken.

Hierdie Bybelse waarhede is om God te ken soos wat Hy homself in die Skrif openbaar, om te leer hoedat God wil hê dat ons in gehoorsaamheid tot sy eer moet lewe. Ouers is verplig om hulle kinders op te voed en te leer en te onderrig in die Bybel.

Dit is eerstens die ouers se plig. Tweedens is dit die Kerkraad se plig. Daarom lees ons ook die volgende op die webwerf van GK Centurion: "*Die katkisasiekommissie se doel is om die reëlings te tref rondom katkisasieonderrig*." Dit behels die praktiese reëlings wat nodig is sodat onderrig aan die dooplidmate kan plaasvind. In die doopsformulier word daar verwys na "onderrig *en laat onderrig*".

Die kommissie sien toe dat die gedeelte "*laat onderrig*" gepas en toereikend gedoen word. Soos nodig, doen die kommissie verslag aan die kerkraad oor die werksaamhede. Dit is die ouderlinge se verantwoordelikheid om toesig te hou oor die onderrig wat aangebied word en te verseker dat die inhoud getrou en korrek is.

Elke graadgroep volg 'n gepaste leerplan wat jaarliks deur die kerkraad goedgekeur word. Katkisasie is 'n baie ernstige wyse van onderrig aan ons verbondskinders. Daarom moet ouers baie noukeurig toesien dat hulle kinders vir katkisasie voorberei en dit getrou bywoon. Sodoende word hulle voorberei om eendag openbare belydenis van hulle geloof te doen.

- Ons dank die Here vir verbondskinders.
- Ons dank die Here vir 'n toegewyde Kerkraad.
- Ons dank die Here vir 'n Katkisasie Kommissie.
- Ons dank die Here vir pligsgetroue ouers.

Ds. Gerrit Kruger

**Bronne**


https://proregno.com/2013/04/15/ons-roeping-om-onsself-en-ons-kinders-te-katkiseer/http://gkcenturion.co.za/kommissies/katkisasie/

# *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Gereformeerde Kerk Centurion — Groei na Christus

**Loof die Here!**

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226
Faks: 012 664 0004 Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595
Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

---

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Philip Vorster Alethea: Hein Venter
Diaken: Pierre Struwig

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 15, Sb 18-6:2
Volgende week: Les 16, Sb 18-6:4

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## *VERJAARSDAE*

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

### *BELYDENDE LIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Jul | Petro | Erasmus | B13 | 27790397788 |
| | Andri | Steinberg | B08 | 27837268362 |
| | Engela | Swanepoel | B05 | 27833769541 |
| | Annette | vd Berg | A04 | 27844365331 |
| | Helene | Viljoen | B05 | 27823784967 |
| 22-Jul | Gawie | Erasmus | C05 | 27824489658 |
| | Freddie | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Hannie | vd Bergh | C07 | 27827803653 |
| | Monise | vd Walt | C15 | 27725229529 |
| | Mandi | Wagner | B05 | 27832646210 |
| 23-Jul | Baba | Bloemhof | A12 | 27731931023 |
| | Mieke | vd Smit | C12 | 27746677777 |
| 24-Jul | Esna | Kenworthy | C09 | 27795215830 |
| | Zuiqe | Weyer | A11 | 27832741606 |
| 25-Jul | Poppie | Brits | C08 | 27829405717 |
| | Louise | v Niekerk | A09 | 27814546588 |
| | Maruzell | Vorster | B06 | 27824512001 |
| 26-Jul | Rohan | Bloemhof | A12 | 27740843102 |
| | Rassie | Erasmus | B13 | 27828950967 |
| | Johan | Hechter | A04 | 27832334268 |
| 27-Jul | Thys | Reynecke | C12 | 27827789193 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 22-Jul | Joszua | van Staden | A15 | 27842510138 |
| 24-Jul | Danelle | vd Merwe | B20 | 27713822573 |
| 19-Jul | Alissa | de Beer | B03 | 27729424218 |
| | Lerize | le Roux | B13 | 27840993443 |
| | Mienke | Pretorius | B02 | 27825216870 |
| | Rolan | Tredoux | B15 | 27828377031 |
| 27-Jul | Quintes | Myburgh | B01 | 27828725677 |
| | Morne | Sevenster | A11 | 27828497006 |

**TEESKINKBEURTE**



Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | | |
|---|---|---|
| 21-Jul | C05 | Marie Coetzee |
| | C06 | Doret Pretorius |
| | C07 | Gerda Pieters |
| 28-Jul | C08 | Marietjie Smit |
| | C09 | Marique le Roux |
| | C10 | Minnette de Beer |

### Sjokolade van die Wêreld

Kom leer meer van waar sjokolade vandaan kom en kom proe aan sjokolade van regoor die wêreld.

**Saterdag, 3 Augustus 2019**
**9:00 vir 9:30**
**Kerksaal**

Kaartjies teen R100pp beskikbaar onder die Olyfboom.

Vriendelike groete, Die Susters

---



**Hoop & Help Life Coaching** en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.




## Gemeentekamp 2019

**Tema**: Verbly julle in die Here (Fil 4:4)

**Datum**: 4 tot 6 Oktober 2019

**Plek**: Achterbergh Oase, Krugersdorp

Warm en koue swembad, kampstaanplekke, huise en kamers beskikbaar. Kom geniet 'n naweek van speel, eet en lekker kuier. Koste (met etes vir die naweek):

**Gesinskamers** R330pppn, R300 per kind

**Huise en luukse kamers** R540pppn, R510 per kind

**Kamp** R245pppn, R130 per kind

Kom ons loof die Here!

Kontak: PW Groenewald 0828990342

## Toerverslag - Bybelplasingstoer Malawi

Namens die Jeugdeputate van die GKSA en almal wat saam op die Bybelplasingstoer na Malawi was, gee ons graag terugvoer oor wat die Here gedoen het in en deur sy kinders op die toer.

Voor die toer was daar hard gewerk om genoeg fondse in te samel vir Bybels. Daar was genoeg fondse verkry sodat ons saam met Harvesters Ministries 3150 Bybels (Chichewa en Engels) kon aankoop en by 380 kerke in Malawi in die Monkey Bay omgewing van 23 Junie – 4 Julie 2019 kon plaas. Saam met die Bybels was daar ook 1700 tweetalige Engels-Chechewa Heidelbergse Kategismus-boekies aan die leiers uitgedeel.

Ons toergroep het uit 49 gelowiges (waarvan 30 jongmense was) van reg oor die land bestaan. Ons het gesien hoe vreemdelinge op die toer vriende geword het en sommiges selfs verliefdes!

Spesifieke gelowiges is geïdentifiseer wat nie 'n Bybel besit nie. Sommige van hierdie gelowiges is reeds in opleiding om ook as pastore te dien. Daarom is dit krities dat hulle ook Bybels ontvang. Ons het by spesifieke kerkgeboue bymekaar gekom om die geoormerkte Bybels aan hulle te oorhandig en 'n woord van bemoediging aan die gelowiges te rig.

Ons sê spesiaal dankie aan die 11 drywers wat hulle voertuie aangebied het vir die toer. Aangesien ons in vyf groepe opgedeel was, was dit moontlik dat vier groepe elke dag kon ry om Bybels te plaas, en een groep 'n dag by die meer/kamp kon deurbring. Tydens daardie dag, asook elke aand na die plasings, het Ds Johannes Aucamp van Topia vir die groepe toerusting aangebied oor dissipelskap asook oor die Afrika en Westerse wêreldbeskouing.

NA 7440 km is ons terug en ons gebed is dat die saad wat die Here in ons harte gesaai het vrug sal dra hier in ons eie gemeentes en gemeenskappe.

Jesu Ndiwabino Ntawe Zontse – God is goed….Altyd!



## *Ons gee om vir Mekaar*



*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- Hettie van Schalkwyk sterk aan in Unitas Hosp met varkgriep (A14—654 0315).
- Louis Trichardt sterk aan in Kloof Hospitaal (A4—082 388 6001).
- Martie Erasmus ondergaan 25 Jul 'n handoperasie (C4—082081706917).
- Magda Saaijman sterk tuis aan na 'n val (E1—071 998 1534).
- Gerrit Beumer gaan more 'n prosedure ondergaan te Unitas Hospitaal (A9—082 572 5235).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Willem en Melissa Visser met die geboorte van Waldo Oane Hendrik op 17 Jul 2019.

## BEROEPE BEDANK

Ds FJ Potgieter (Fritz) van Bloemfontein-Suid na Rietvallei as medeleraar

## Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Expando

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Ekumenisiteit Londen

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis**